Psalm 17/1 : Gebed van 'n onskuldigde vervolgde (1-9,15)

'n Gebed van Dawid

Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Mon Dieu, preste moy l'aurelle* (Psalm 86) – Guillaume Franc, Straatsburg 1545; Genève 1551

Refrein



Almal: Luister tog, Here, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep.
Hoor tog die gebed wat ek in alle opregtheid bid.
U sal uitspraak lewer in my guns: u oë sien immers self wat reg is.
Mans: As U my sou toets, my selfs in my slaap sou ondersoek,
my deeglik sou keur, sou U niks verkeerds vind nie.
Vroue: Oor die doen en late van mense het ek niks verkeerds gesê nie:
Ek het my aan u bevel gehou.
Almal: Elke stap van my was vas op die koers wat U aangewys het.
My voete het nie daarvan afgewyk nie.
Refrein: U sal my, as ek ontwaak, met u beeld versadig maak.
Mans: Ek roep U aan, want U sal my antwoord, my God!
Luister tog na my en hoor wat ek sê.
Vroue: Toon u wonderlike trou, U wat almal help wat vir hulle vyande by U skuil.
Almal: Beskerm my soos die appel van u oog,
steek my weg in die skaduwee van u vleuels
vir die goddeloses wat my wil oorweldig,
die doodsvyande wat my omsingel.
Refrein: U sal my, as ek ontwaak, met u beeld versadig maak.
Almal: Maar wat my betref, omdat die reg aan my kant is, sal ek weer voor U staan.
As ek wakker word, sal ek my verbly in u teenwoordigheid.
Refrein: U sal my, as ek ontwaak, met u beeld versadig maak.